

GRAIN SA
GRAAN SA

# Perspektief | Perspective

Nuusbrief Newsletter

15/02/2013 WEEK 11 - 2013

KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE CLICK HERE FOR THE ENGLISH VERSION

***In hierdie uitgawe...***


- Mededingingskommissie gee groen lig aan die Vraag en Aanbod Ramingskomitee
- Graan SA Kongres rus produsente toe vir uitdagings wat voorlê
- April 2013 en Mei 2013 opbrengsbepalings vir mielies
- Databasis van oesbeskermingsmiddels bekend gestel
- Brandstofpryse vir April 2013


## Mededingingskommissie gee groen lig aan die Vraag en Aanbod Ramingskomitee

***Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)***

» Die gevolgtrekking wat deur die Mededingingskommissie gemaak is rakende die verklaring van toekomstige in- en uitvoere deur handelaars en die funksionering van die Vraag en Aanbod Ramingskomitee, word deur Graan SA verwelkom.

Hopelik sien ons binne 'n maand of twee die eerste maandelikse verslag gepubliseer. Hierdie is nog 'n positiewe uitkoms van 'n Graan SA inisiatief en die organisasie se strategiese doelwit om die beskikbaarheid van deursigtige markinligting te bevorder.

**NLBR se versoek vir 'n raadgewende opinie vanaf die Mededingingskommissie**

Die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) het op 16 Augustus 2012, die Mededingingskommissie versoek om 'n raadgewende opinie te verskaf rakende 'n sisteem om inligting te deel wat deur die NLBR voorgestel is. Die NLBR is van plan om 'n amptelike vraag en aanbod verslaggewingsmeganisme te vestig om statutêre maatreëls in terme van die Bemarking van Landbouprodukte, Wet 47 van 1996, wat alreeds in plek is, te versterk en om invoerders en uitvoerders van graan en oliesade te vereis om in- en uitvoere te verklaar. Dit is gemik daarop om deursigtigheid en prysstabiliteit in die graan- en oliesademarkte van Suid-Afrika mee te bring en gevolglik ook voedselsekerheid in die land.

**Kommer oor onvoorsiene uitkomste**

Die Mededingingskommissie is besorg dat onvoorsiene uitkomste van die voorgestelde uitruiling dalk prysstabiliteit gepaardgaande met prysstygings gaan insluit na aanleiding van koördinasie of stygende prysvolatiliteit as gevolg van verhoogde manipulasie van die mark deur handelaars deur middel van die ruiling. Gevolglik sal maatreëls, soos die implementering van 'n inspeksie om te verseker dat daar nie partydigheid bestaan nie en om die onafhanklikheid van die Vraag en Aanbod Ramingskomitee te verseker, die risiko vir manipulasie moontlik verminder.

**Inligting beskikbaar aan 'n paar aandeelhouers**

In- en uitvoerders van graan en oliesade is genoodsaak om die in- en uitvoere van graan en oliesade te verklaar, soos per statutêre maatreëls in terme van die Bemarking van Landbouprodukte, Wet 47 van 1996. Hierdie wet voorsien dat lede in die aanbodketting 'n akkurate opgawe aan die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) inhandig rakende mielies en koring wat in- of uitgevoer is. Die huidige statutêre maatreëls maak egter nie voorsiening vir handelaars om in- of uitvoere te verklaar wat alreeds gekontrakteer is en waarvan die plek in die hawe reeds bespreek is en gekontrakteer is vir vragte per pad/spoor in Afrika nie. Hierdie inligting is skynbaar slegs beskikbaar vir 'n paar aandeelhouers in die mark, terwyl die res van die mark afhanklik is van die beste beramings. Beperkte kennis oor toekomstige uitvoere kan 'n ongewensde gevolge hê, soos voedseltekorte, buitensporige prysstygings van stapelvoedsel asook prysvolatiliteit, wat die mees behoeftiges sal affekteer. Sacota het namens graan- en oliesadehandelaars ooreengekom dat generiese handelsinligting vrywilliglik deur individuele handelaars aan die NLBR verskaf sal word.

**Gevolgtrekking**

Die Vraag en Aanbod Ramingskomitee sal maandeliks huidige en toekomstige inligting vir die publiek publiseer. Hierdie inligting bevat 'n kombinasie van geraamde toekomstige in- en uitvoere en werklike in- en uitvoerkontrakte wat afgehandel is. In die lig hiervan en inaggenome die inligtingsruilingsraamwerk wat reeds in plek is binne die mark, verwag die Mededingingskommissie nie dat die voorgestelde ruiling enigsins sal lei tot 'n wesenlike vermindering in kompetisie nie.

**Bron: Uittreksel uit 'n brief van die Mededingingskommissie aan die NLBR gedateer 8 Maart 2013.**

**Terug na bo**

## Graan SA Kongres rus produsente toe vir uitdagings wat voorlê

***Philip Smith (bestuurder: Bemarking, Graan SA)***

» Graan SA se Kongres is op Nampo Park naby Bothaville op 6 en 7 Maart 2013 gehou.

Die tema van hierdie jaar se kongres was "Meer met Minder". Dit verwys na die uitdaging van graanprodusente in Suid-Afrika om meer te produseer (beter opbrengste) met minder insette (vermindering van kostes) om sodoende winsgewend en volhoubaar te bly.

Prof Marcos Fava Neves van die Universiteit São Paulo Brasilië, wat 'n kundige op internasionale landbousake is, het die eerste toespraak gelewer. Prof Neves se internasionale langtermynuitkyk vir landbou is baie positief. Laai sy voorlegging by die volgende skakel af:
http://www.grainsa.co.za/upload/Future_Food_Business_2013_Africa_Opening_Lecture_MFN_40_minutes.pdf

Om die volledige persverklaring oor die Kongres en 'n kort opsomming van die hoofsprekers te lees, kan die volgende skakel besoek word: http://www.grainsa.co.za/news-headlines/latest-news/grain-sa-congress-press-release.

**Terug na bo**

## April 2013 en Mei 2013 opbrengsbepalings vir mielies

***Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)***

» Produsente in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes Provinsie sal tussen 28 Maart en 17 Mei besoek word om opbrengsbepalings vir mielies in te samel.

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DvLBV) se Oesskattingskomitee het die Nasionale Oesskattingskonsortium, onder leiding van die Landbounavorsingsraad, aangestel om 484 produsente in die Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes Provinsie op hulle plase te besoek om 'n opname van verwagte opbrengste te doen. Die opname volg op besoeke wat alreeds gedurende Februarie 2013 by produsente gedoen is om inligting omtrent hulle oppervlaktes aangeplant, in te win.

Graan SA doen 'n beroep op produsente om asseblief hulle samewerking in die verband te verleen aangesien akkurate, objektiewe en betroubare oesskattings van kardinale belang is. Inligting wat ingesamel word, sal as 100% vertroulik beskou word en slegs vir oesskattingsdoeleindes aangewend word.

Vir meer inligting kan mnr Rodney Dredge of mev Rona Beukes van die DvLBV by (012) 319-6507/8032 of e-pos RodneyD@daff.gov.za/RonaB@daff.gov.za gekontak word.

**Terug na bo**

## Databasis van oesbeskermingsmiddels bekend gestel

***Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)***

» Die Agri-Intel-webtuiste (www.agri-intel.com), wat op 13 Februarie vanjaar in Midrand bekend gestel is, bied vir die landbouchemiese industrie, produsente sowel as die regering maklike toegang tot 'n omvattende databasis van alle oesbeskermingsmiddels wat vir gebruik in Suid-Afrika geregistreer is.

Afskrifte van etikette van al die handelsname wat in die databasis beskikbaar is, kan op die webtuiste verkry word. Die Agri-Intel landbouchemiese databasis het tans ongeveer 1 800 etikette op rekord. Die databasis is net so volledig en akkuraat soos die inligting wat op die houers is.

Hierdie databasis is **gratis** beskikbaar vir almal in die landbouchemiese industrie, produsente en die regering. Dié instrument bevat betroubare inligting en daar is tans geen ekwivalent vir hierdie soort landbouchemiese databasis in Suid-Afrika nie. Hoe meer dié inligting gebruik word, hoe meer sal die kwaliteit verbeter en daarom is gebruikers van die webtuiste se terugvoer belangrik.

Indien jy enige vrae oor die gebruik van die webtuiste het, skakel Agri-Intel se hulpdiens by (021) 907-3000, weeksdae tussen 08:00 en 17:00.

**Terug na bo**

## Brandstofpryse vir April 2013

**Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)**

» Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds, kan die petrolprys met 7 sent per liter en die dieselprys met 8 sent per liter op 3 April 2013 **STYG**.

Berekeninge van die Sentrale Energiefonds dui tans op 'n oorverhaling in brandstofpryse. Dit beteken dat indien geen heffings gedurende Aprilmaand voorgekom het nie, moontlike dalings verwag sou kon word. Bogenoemde verwagte

styging is dus hoofsaaklik die effek van die brandstofbelasting en die Padongeluksfondsheffing, wat in April 2013 in werking tree. Die belasting op diesel gaan met 15 sent per liter en die Padongeluksfondsheffing met 8 sent per liter styg.

**Netto effek**
Omdat die stygings van die brandstofbelasting en die Padongeluksfondsheffing ook produsente se korting beïnvloed, verhoog die dieselkorting waarvoor produsente kwalifiseer met 14 sent per liter, terwyl die huidige verwagte styging in brandstofpryse rondom 8 sent per liter is. Hou Graan SA se webtuiste dop vir die jongste inligting.

Terug na bo

---

**GRAAN SA • GRAIN SA**

Posbus 74087 • PO Box 74087

Lynnwood Ridge 0040

+27 (012) 807-6023 www.grainsa.co.za

+27 (012) 807-3166 info@grainsa.co.za

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: philip@grainsa.co.za